Titel is 'n metafoor: Alle mense op aarde word op verskillende paadjies gevat. Die wind is soos die lewe wat ons rondwaai.

Herhaling: Beklemtoon dat dit baie oud it.

Reël 2: Goeie en slegte van die lewe.

Kinders van die wind

OUD EN VERROES
Die liedjie en skepe is baie oud.

STROFE 1

1. Ek ken 'n ou, ou liedjie
2. van lewenswel en -wee;
3. van lank vergane skepe in
4. die kelders van die see.

Metafoor: Die seebodem se diepste dele. Dit wat op die seebodem is.

Neologisme: "onthoude"
Terwille van ritme in die gedig.
onthou (ww) --> onthoude (adj)
remember *remembered*

STROFE 2

5. Die woorde is vergete
6. en tog, die deuntjie draal -
7. soos vaag onthoude grepies uit
8. 'n baie ou verhaal ...

Progressie: Van vergete woorde na vaag onthoude grepies.

Vergelyking: Deuntjie is soos vergete woorde van 'n ou storie wat jy net stukkies van kan onthou.

STROFE 3 Refrein

9. Van swerwers sonder rigting;
10. van soekers wat nooit vind ...
11. En eindelik was almal maar
12. kinders van die wind.

"was": Verwys na mense van gister en vandag wat soek na 'n doel in die lewe. Hulle vind dit nie noodwendig nie.

"swerwers": Alle mense wat nie rigting in die lewe vind nie. Mense wat 'n doel soek. Reël 11: Almal

ELLIPS: Herhaling van ellips
Beklemtoon die soeke en onbekende.

STROFE 4

13. Gesigte, drome, name
14. is deur die wind verwaai;
15. en waarheen ál die woorde is,
16. **sou net 'n kind wou raai.**

Metafoor: Gesigte, drome en name word vergelyk met iets wat weggewaai word deur die wind.

Net 'n kind kon raai waarheen al die woorde is. Kinders is jonk en droom nog oor die toekoms.

STROFE 5 Refrein

17. Swerwers sonder rigting;
18. soekers wat nooit vind ...
19. En eindelik was almal maar
20. kinders van die wind.

Sentrale boodskap:
Alle mense is soekend na rigting in die lewe en niemand kan die verloop van die lewe bepaal nie. Almal soek rigting, want niemand se lewens is dieselfde nie.

Koos du Plessis

Versreël 6: d-alliterasie
Versreël 19: e-assonansie

Stemming:
Sinies, hartseer, verlies, rigtingloos.